

OUTDSHOORN MUNICIPALITY

NOTICE NR 36 OF 2021

**PROPOSED ALIENATION OF OUDTSHOORN
ERF 1201 BY MEANS OF PRIVATE AGREEMENT**

Notice is hereby given formally that the Municipal Council of Oudtshoorn, by virtue of Council Resolution No 60.27 / 11/18, intends to alienate Oudtshoorn Erf 1201 (vacant triangular property bounded by Jubilee Street, Quarry Street and Oudtshoorn Erf 1203) to the owner of Oudtshoorn Erf 1203, though;

1. by means of a private agreement;
2. at a fair market-related value (R170 000.00 as estimated by the Municipality's Appraiser); and
3. because only the owner of Oudtshoorn Erf 1203 can utilize the vacant erf in question functionally, sensibly and effectively.

Any objections, to the proposed alienation of Oudtshoorn Erf 1201, any comments / inputs and / or inquiries regarding the proposed alienation of Oudtshoorn Erf 1201, may be made in writing to the Manager: Planning and Development (Mr Jaco Eastes).

Written objections / comments / inputs / inquiries can be submitted to the Municipal Offices at **92 St John Street** and must be received by the Manager: Planning and Development on or before **Friday, 19 March 2021, at 16:00**. Late written objections / comments / inputs / inquiries will not be accepted. Telephonic enquiry may also be directed to Mr Eastes at 044 203 3981/79. Any person who cannot write, will be assisted by an Municipal Official.

MR. R SMIT, ACTING MUNICIPAL MANAGER

19 February 2021

21082

CITY OF CAPE TOWN

**CITY OF CAPE TOWN MUNICIPAL
PLANNING BY-LAW, 2015**

Notice is hereby given in terms of the requirements of Section 48(5)(a) of the City of Cape Town Municipal Planning By-Law, 2015 that the City has on application by the owner of Erf 96 Bishops court removed conditions as contained in Title Deeds No. T43516/2018 in respect of Erf 96, in the following manner:

**1. APPLICATIONS GRANTED IN TERMS OF SECTION
98(b) OF THE BY-LAW:**

**1.1 Deletion of the following title deed conditions from title deed
T43516/2008:**

1.1.1 Condition 5.(4): "That no building or structure or any portion thereof except boundary walls and fences shall be erected nearer than 7.87metres to any street line which forms a boundary of this erf. No such building or structure shall be situated within 3.15metres of any boundary common to an adjoining erf. Provided that if the slope of the land necessitates it, a garage may be erected on this erf nearer to the street line boundary, on condition that the roof of such garage does not project more than 0.91metres above the natural level of the surrounding ground and the building is not erected nearer than 1,415metres to the street line boundary of this erf. Provided further that should two or more contiguous erven be registered in the name of the same owner such erven may be consolidated, whereupon the consolidated holding shall become one erf in the Township and all the conditions shall apply to it as being one erf."

1.1.2 Condition 6.G.: "No building of a greater height than 12.19metres shall be erected upon the property without the prior consent of the Company or its nominees, and no part of this building shall be nearer to any boundary than half the height of the highest portion of the building. For the purpose of this condition the height of the building shall be measured from the mean level of the ground adjoining such building."

19 February 2021

21083

OUTDSHOORN MUNISIPALITEIT

KENNISGEWING NR 36 VAN 2021

**VOORGENOME VERVREEMDING VAN OUDTSHOORN
ERF 1201 PER PRIVAAT OOREENKOMS**

Kennis geskied hiermee formeel dat die Munisipale Raad van Oudtshoorn, per Raadsbesluit nr 60.27/11/18, van voorneme is om Oudtshoorn Erf 1201 (vakante driehoekvormige eiendom begrens deur Jubilee Street, Quarry Street and Oudtshoorn Erf 1203) te vervreem aan die eienaar van Oudtshoorn Erf 1203;

1. welke by wyse van 'n privaat ooreenkoms;
2. teen 'n regverdige markverwante waarde (R170 000.00 soos beraam deur die Munisipaliteit se Waardeerder); en
3. omrede slegs die eienaar van Oudtshoorn Erf 1203, die betrokke vakante erf funksioneel, sinvol en effektief kan benut.

Enige besware teen die voorgename vervreemding van Oudtshoorn Erf 1201, enige kommentaar/insette ten opsigte van en / of navrae in verband met die voorgename vervreemding van Oudtshoorn Erf 1201, kan skriftelik gerig word aan die Bestuurder: Beplanning en Ontwikkeling (Mnr Jaco Eastes).

Skriftelike besware / kommentaar / insette/ navrae kan ingedien word by die Munisipale kantore te **St Johnstraat 92** en moet ontvang word die die Bestuurder: Beplanning en Ontwikkeling voor of op **Vrydag, 19 Maart 2021, om 16:00**. Laat skriftelike besware / kommentaar / insette / navrae, sal nie aanvaar word nie. Telefoniese navrae kan gerig word aan Mnr Jaco Eastes by 044 203 9381/79 Enige persoon wat nie kan skryf nie, sal deur 'n munisipale amptenaar bygestaan word.

MNR. R SMIT, WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTURDER

19 Februarie 2021

21082

STAD KAAPSTAD

**STAD KAAPSTAD: VERORDENING OP MUNISIPALE
BEPLANNING, 2015**

Kennisgewing geskied hiermee kragtens die vereistes van Artikel 48(5)(a) van die Stad Kaapstad: Verordening op Munisipale Beplanning, 2015, dat die Stad na aanleiding van 'n aansoek deur die eienaar van Erf 96 Bishops court, voorwaardes soos vervat in titelakte nr. T43516/2018, ten opsigte van Erf 96, soos volg verwyder het:

**1. AANSOEKE TOEGESTAAN INGEVOLGE ARTKEL 98(b)
VAN DIE VERORDENING**

**1.1 Skrapping van die volgende titelaktevoorwaardes van tite-
lakte T43516/2008:**

1.1.1 Voorwaarde 5.(4): "Dat geen gebou of struktuur of enige gedeelte daarvan, behalwe grensmure en heinings, nader as 7.87m van enige straatgrens wat die grens van hierdie erf vorm, opgerig mag word nie. Geen sodanige gebou of struktuur binne 3.15m van die gemeenskaplike sygrens met enige aangrensende erf opgerig word nie. Met dien verstande dat indien die helling van die grond dit noodsaak, 'n motorhuis op hierdie erf nader aan die straatlyngrens opgerig kan word op voorwaarde dat die dak van sodanige motorhuis nie meer as 0.91m bo die natuurlike vlak van die omliggende grond uitsteek nie en die gebou nie nader as 1,415m van die straatlyngrens van hierdie erf opgerig word nie. Met dien verstande verder dat indien twee of meer aaneenlopende erwe in die naam van dieselfde eienaar geregi- streer word, sodanige erwe gekonsolideer kan word, waarop die gekonsolideerde hoewe een erf in die dorp sal word, en al die voorwaardes geld as een erf."

1.1.2 Voorwaarde 6.G.: Geen gebou hoër as 12.19m op die eiendom opgerig word sonder die vooraf vergunning van die Maatskappy of sy genomineerdes nie, en geen deel van hierdie gebou mag nader aan enige grens wees as die helfte van die hoogte van die hoogste gedeelte van die gebou nie. Vir die doeleindes van hierdie voorwaarde moet die hoogte van die gebou vanaf die gemiddelde vlak van die grond wat aan sodanige gebou grens, gemeet word."

19 Februarie 2021

21083